

Ken God uit sy boeke

Al kan ons die Here nie in sy volkomeheid ken nie, beteken dit nie dat Hy 'n onbekende God vir ons is nie. Nee, Hy het twee "boeke" vir ons gegee waarin ons van Hom kan lees: die boek van die natuur (skepping, onderhouding en regering van die wêreld) en die boek van die Skrifuur (Woord van God).

Psalm 19 vertel van albei hierdie boeke. Vers 2 praat in die eerste plek van die wonderboek van die skepping: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend."

Die skepping loop dus uit op 'n Naam: God, Skepper van hemel en aarde. Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit soos volg: Die skepping is "voor ons oë soos 'n mooi boek waarin alle skepsels, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, duidelik laat sien..."

Maar die boek van die natuur sê nie vir ons alles wat ons moet weet nie. Die sterre en die voëltjies en die blomme vertel nie vir ons van Jesus Christus wat vir ons versoening gedoen het nie. Daarvoor het ons die Bybel, die boek van die Skrifuur, nodig.

Ons bely hieroor: "Ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer aan ons volkome bekend, en wel so veel as wat vir ons in hierdie lewe nodig is tot sy eer en tot die saligheid van hulle wat aan Hom behoort" (NGB, art 2). Dit is soos wat daar staan in Psalm 19: "Die Woord van die Here is volmaak: dit gee lewe" (vers 8).

Waarom is dit vir ons belangrik om van God se "boeke" te weet en om dit te lees?

Die antwoord vind ons in Joh. 17: "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus..." (vers 3).

Sing Psalm 19:1 en 4

Ds. C J.H. Breed (Secunda)